**2 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 40**
**Fokusgedeelte: Psalm 40:4**

## Die Here is my hulp

Het u geweet dat Psalm 40:11-17 byna woordeliks ooreenstem met Psalm 70? Interessant!
Wanneer predikante preke en/of dagstukkies skryf, raadpleeg hulle kommentare oor die teks. In so ’n kommentaar vind mens byvoorbeeld die volgende eenheidstruktuur vir Psalm 40:

- Persoonlike behoefte aan hulp van die Here (vss 2-4)
- Die seën van God se beskerming (vss 5-6)
- Verklaring van toewyding (vss 7-9)
- Verkondiging van God se volmaaktheid (vss 10-11)
- Gebed om God se volmaaktheid (vs 12)
- Belydenis van sonde (vs 13)
- Gebed om God se beskerming (vss 14-17)
- Persoonlike ervaring van die hulp van die Here (vs 18).

Ek noem dit hier, sodat u kan sien waarom die opskrif hierbo gekies is: die *ervaring van én behoefte aan hulp van die Here*, omraam die Psalm (vs 2 en 18)!
Die vraag is: Wat doen ons met dié ervaring en behoefte? Dawid sing dat hy ’n nuwe lied, ’n lofsang, van die Here ontvang het, sodat baie daarvan sal hoor en Hom eer (vs 4).
Vandag is daar duisende (nuwe) liedere om van die Here se hulp te sing: buiten die 150 Psalms en berymings van ander Skrifgedeeltes ook honderde “gospel”-cd’s en -dvd’s, klassieke kerkmusiek, soos die *Messias van GF Händel*, ensovoorts.
Sing ons nog vir die Here? As u klakkeloos selde of ooit in ’n erediens kom, waar en wanneer sing u dan vir Hom ’n lofsang? Maar nog belangriker: Getuig u lewenswyse van lof aan God vir sy hulp? Die sprekendste getuienis is nie woorde nie, maar u en my dade wat by die lofwoorde pas!

*Sing: Psalm 40:2 (1936, 2de melodie)*

*Ds. J Botha (Emeritus, Laeveld)*